



**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II**

Tyd: 2½ uur

100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.
  2. Beantwoord ALBEI Afdelings.
  3. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
  4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
  5. Nommer antwoorde soos die vrae op die vraestel.
  6. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-

## **AFDELING A      LETTERKUNDE**

**BREEK** – Barrie Hough & Lizz Meiring

### **INSTRUKSIES VIR AFDELING A**

1. Beantwoord AL DRIE vrae in hierdie afdeling.
  2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
  3. Beplan jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
  4. Let op die punttoekenning tussen hakies by elke vraag.
  5. Doen die beplanning van jou vraag op die bladsy aan die linkerkant. Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan.
  6. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
  7. Skryf die vraagnommer boaan jou finale antwoord, bv. VRAAG 1.
  8. Assessering: **Tydens assessering sal daar na die volgende kriteria gekyk word:**
    - Beplanning
    - Standpunt, argument en gepaste motivering uit die teks as geheel
    - Kritiese respons op die teks met betrekking tot die verteller in die genre, taalgebruik en styl
    - Akkurate skryfstyl (woordeskat, leestekens, sinstrukture, stylmiddels)
-

## VRAAG 1

Die verteller in *Breek* speel 'n belangrike rol.

Lees die onderstaande uittreksel uit *Breek* en voer dan die opdrag uit.

Toe besef ek my mond kan nie my hart se woorde vertaal nie.  
En sy sê: 'Seriously, ek voel ons het hierdie konneksie.'  
Die take-aways is seker al koud,' antwoord Justie. Sy klink skielik verleë.  
'Hierdie is nie games nie, Justie. Ek wil als van jou weet.'

Skryf 'n paar paragrawe waarin jy aandag gee aan die volgende punte:

- Ons kry 'n ek-verteller in *Breek*. Wat is die voordele en nadele van so 'n verteller? (3)
- Wie is die verteller en watter rol speel hy in die verhaal? (3)
- Watter rol speel die taalgebruik in die verhaal? Dink aan die verteller, Gideon en Alma se taalgebruik. (3)

Jou paragrawe moet saam tussen 150 en 200 woorde lank wees.

[10]

## VRAAG 2

Charmaine en Gideon praat van 'n seremonie om die verlede te begrawe en van hul bagasie ontslae te raak.

Skryf 'n paragraaf waarin jy vertel van die **bagasie** en **vrese** van die volgende karakters:

- Gideon (2)
- Justie (2)
- Charmaine (2)
- Alma (2)

Vertel van  **twee**  van die karakters hierbo wat alreeds (voor die glasbreek-seremonie) begin het om van bagasie ontslae te raak. Verduidelik hoe dié karakters dit gedoen het.

Jou paragraaf moet ongeveer 150 woorde lank wees. (2)

[10]

### VRAAG 3

**Beplan hierdie vraag deeglik voordat jy daaroor skryf. Dit vereis baie feite wat as een sinvolle geheel aangebied moet word.**

Tom voel dikwels soos 'n oortreder, iemand wat nie hoort nie.

Een aand nadat Tom en Justie saam uit was, het hy in Rosebank Mall gaan rondstap. In Bourbon Street het 'n paar mense sy aandag getrek.

Toe hy later na sy motor stap, het hy die plakkaat hieronder gesien. Die Engelse titel was kleiner gedruk.

Skryf **drie paragrawe** van ongeveer 250 woorde (in totaal) oor die aand se gebeure. Bespreek die onderstaande aspekte. (Moenie die opskrifte hieronder as subtitels gebruik nie.)

#### Tom en Justie vroeër daardie aand

- Vertel waarheen hulle was en wat hulle daar gedoen het.
- Hoekom was die aand saam met Justie so spesiaal? (4)

#### Tom by die Rosebank Mall

- Hoekom het Tom Rosebank Mall toe gegaan en nie by die kothuis gebly nie? (2)
- Vertel van drie mense wat hy daar gesien het en sê wat so besonders aan dié mense was. (6)

#### Die plakkaat

Die plakkaat hier langsaan adverteer die film *Tutto Su Mia Madre*.

- Wat beteken hierdie titel? (2)
- As Tom die titel lees, dink hy: 'Dis 'n prent wat ek nog nie gesien het nie.'  
Behalwe vir die letterlike betekenis van hierdie woorde, kan dit ook verwys na Tom se eie persoonlike lewe. Verduidelik kortliks hoekom. (4)
- Hoekom is dit vir Tom so belangrik om te hoort en presies te weet wie hy is? (2)



[20]

## **AFDELING B            TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**

### **INSTRUKSIES VIR AFDELING B**

1.      Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.
  2.      Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
  3.      Beplan jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
  4.      Doen die beplanning van jou vraag op die bladsy aan die linkerkant. Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan.
  5.      Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
  6.      Skryf die vraagnommer boaan jou finale antwoord, bv. VRAAG 4.
  7.      **ASSESSERING** - Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
    - kennis van vereistes van skryftaak
    - interpretasie van opdrag
    - inhoud en idees
    - register en toon
    - taalgebruik
    - beplanning
-

## VRAAG 4                      FORMELE BRIEF

Lees die twee onderstaande uittreksels wat in *Beeld* verskyn het.

### Party Johannesburg-buurte dán sonder water

Inwoners van sekere woonbuurte in Johannesburg sal môreand vroeg moet bad.

Johannesburg Water het gewaarsku dat water na Linden, Darrenwood, Aldarapark, Cresta en Blairgowrie tydelik weens instandhoudingswerk afgesny gaan word.

Volgens mnr. Baldwin Matsimela, woordvoerder van Johannesburg Water, gaan inwoners van 21:00 tot die volgende oggend 05:00 nie water hê nie. Hy het gesê die infrastruktuur, waaronder waterpype, gaan verbeter word.

Inwoners van dié buurte, asook Fairland en Northcliff, is voorverlede Vrydag gewaarsku om nie hul monde aan kraanwater te sit voordat dit eers gekook is nie, nadat roetine-watermonsters op moontlike besoedeling gedui het.

Nóg toetse is later uitgevoer en die water is veilig verklaar.

(Uit: *Beeld*, 27 April 2008)

### Besoedeling kós dié vyf strande

Dries Liebenberg

Durban. – Rioolafvalbesoedeling het meegebring dat vyf van dié stad se agt Blou Vlag-strande in die laaste jaar dié internasionaal erkende simbool van skoon en veilige swemstrande kwyt is.

(Uittreksel uit: *Beeld*, 14 Maart 2008)

Jy is bekommerd oor die watertoestande in die land en in jou omgewing.

Skryf 'n brief aan Die Departement van Omgewingsake en Toerisme (Privaatsak X2, Roggebaai 8012) waarin jy:


- vertel wat jou bekommerd maak.
- vertel watter effek waterbesoedeling op die omgewing het.
- voorstelle maak van hoe jy en alle Suid-Afrikaners water kan bespaar.

Beplan jou brief voordat jy die finale brief skryf.

Die inhoud van jou brief moet ongeveer 200 woorde wees.

[30]

**VRAAG 5**



(Uit: *Beeld*, 10 Januarie 2008)

Jy verskil ook dikwels van jou ouers / voog, tog doen hulle vir jou baie in die lewe.

Skryf 'n **bedanking** aan jou ouers / voog waarin jy veral dankie sê vir die twaalf jaar wat jy op skool was. Noem in jou skryfstuk minstens twee dinge waaroor jy besonder dankbaar is.

Jou bedanking moet ongeveer 150 woorde lank wees.

Beplan jou skryfstuk voordat jy dit skryf.

[30]

**TOTAAL VIR HIERDIE VRAESTEL: 100 PUNTE**